Die troostelose verhaal van **Doornbult**

Estelle Pretorius

Doornbult Konsentrasiekamp, Oranjerivierstasie, 1902. (Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek - nr 7859)



Die konsentrasiekampbegraafplaas waar die vroue self die grafte van hul geliefdes moes grawe (Foto: Alan Woodman)

Ek het jou trane gesien... (Jesaja 38: 5)

Hier in die troostelose landskap staan die besoeker versteld vasgenael by die aanskouing van duisende geroeste, tasbare herinneringe aan 'n skrikwekkende oorlog – blikke, metaalhoepels, draad, hoefysters, kookgerei desperaat uit draad en blik geprakseer; ook bottels, keramiek-inkpotte en glasskerwe, dolosse, knopies, tabakpype, kinderspeelgoed, gebreekte potte, stukkies porselein... Dis aandoenlik om vandag nog die tekens van tentvloere te sien waar 2 668 Boerevrouens en kinders in ongeveer 350 tente te midde van honger en siekte 'n daaglikse stryd om oorlewing moes voer in bittere koue, versengende hitte, stofstorms, reën en droogte.

'n Put wat kinders en vrouens met hul hande gegrawe het, is nog te sien. Al hierdie gegewens word deur briewe bevestig. Uit hierdie put moes hulle water na hul tente aandra in blikke, of wat ook al beskikbaar was.

Doornbult is een van die mees ongeskonde Anglo-Boereoorlogterreine in Suid-Afrika, met 'n bywonershuis, waterputte, klipkrale, militêre versamelpunte, skanse, forte, kanonpaaie, 'n hospitaal en die konsentrasiekamp vir wit en swart mense (suid van die Britse hospitaal en kamp). Daar was 'n enorme Britse kamp wat in een stadium bykans 16 000 Britse troepe gehuisves het wat daar vergader het om uiteindelik die Vrystaat binne te val. Die konsentrasiekamp was tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) bykans een kilometer van die Oranjerivierstasie en nagenoeg drie kilometer van die Oranjerivier af geleë. Die spoorlyn van De Aar na Kimberley loop noordwaarts oor die Oranjerivier, wat destyds die grens tussen die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat was.

Die plaas Doornbult in die Noord-Kaap waarop die Oranjerivier Konsentrasiekamp geleë is, is die eiendom van Lemmer en Rina Wiid – agt kilometer oos van Hopetown, op die R369-roete na Petrusville. Rina Wiid is sedert 1996 besig met restourasie- en bewaringswerk en die selektiewe herwinning van oppervlakvondse vir uitstalling in die museum, en het reeds 14 boeke oor verskeie aspekte van die terrein se geskiedenis geskryf. Die Erfenisstigting (Pretoria) het in Junie 2005 'n ooreenkoms met die eienaar van die plaas gesluit met die oog op die gesamentlike bewaring van hierdie terrein met sy ABO-oorblyfsels, die ordening van die museumversameling en die ontwikkeling daarvan as 'n toerismebestemming – binne die riglyne van die Wet op Nasionale Erfenisterreine van 1999. Opmeting en kartering van die terrein, argeologiese opgrawings en die oprigting van 'n museum langs die begraafplaas is deur die Erfenisstigting hanteer en befonds.

Honderde vroue, kinders, bejaarde mans en hul swart helpers, hoofsaaklik uit die Suid-Vrystaat, is sedert April 1901 deur die Britte van hul wonings af hierheen weggevoer. Hulle moes aanvanklik in die winter onder die oop hemel en later in beknopte, tydelike tente slaap, voordat die kamp na 'n beter ligging verskuif is. Doornbult is op 1 Augustus 1901 as 'n permanente konsentrasiekamp erken, met E Nowers as die eerste kampkommandant. Daar was ook twee isolasiekampe – een vir persone met aansteeklike siektes en een vir nuwe aankomelinge.

Die Doornbult-terrein is uniek, omdat name van swart gesinne wat saam met Boerefamilies hier afgelaai is, nagespoor kon word. Die konsentrasiekampbegraafplaas is in 1998 omhein. Daar is 17 grafte buite die formele begraafplaas, en binne die omheining is 210 grafte met leë, platgekapte blikke as merkers. Die vroue het dikwels self die klippaadjies in die begraafplaas gepak en die grafte gegrawe. Oorsake van die sterftes was veral longontsteking, masels, buikloop, ontwatering, ondervoeding, witseerkeel en kroep. Volgens oorlewering is tot ses kindertjies in een graf begrawe, en ook wit en swart volwassenes en kinders in dieselfde graf.

Volgens Britse rekords het 207 inwoners in die kamp gesterf. Dit is egter onduidelik waarom daar meer as 300 grafte op Doornbult is. Voor Augustus 1901 en na Mei 1902 is nie rekord gehou nie. Die name van baie jong kinders, asook doodgebore babas, is gewoonlik nie aangeteken nie.

'n Besoek aan Doornbult is 'n onvergeetlike ervaring. Ten einde die terrein se ongeskondenheid te beskerm, word slegs begeleide toere aangebied. Belangstellendes wat met Rina Wiid (wat ook beperkte gasteverblyf verskaf) in aanraking wil kom, kan haar kontak by 053 203 8105 of rinawiid1@gmail.com.